



## SESDE VERBONDSMAAL EN VOLKSKONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK IN SUID-AFRIKA

**Datum en Plek:** D.V. 30 Maart - 1 April 2018 te Dankbaar CVO Skool, Bloemfontein.

### **Tema: 1Sam.3:1 :**

En die seun Samuel het die HERE<sup>1</sup> gedien voor Eli, en die woord van die HERE was skaars in die dae: gesigte was daar nie baie nie. [Aangehaal uit die 1933/53 Bybel in Afrikaans]

Die tema laat mens wonder waarom die HERE [Jahweh – sien voetnota 1] se interaksie met Israel van ouds, skaars was in die dae van Eli. Met die lees van die verbandhoudende Skrifgedeeltes, is die rede daarvoor, voor die hand liggend. Die priesterorde [*“predikante van die kerk”*] van daardie tyd was deugniete en het die HERE [Jahweh] nie erken nie – 1Sam.2:12-25. Die sonde van die priesters het gemaak dat die hele volk teen Jahweh [die HERE] oortree het.

Vandag verkeer ons as Geloftevolk onder soortgelyke omstandighede. Selfs massa-gebedsbyeenkomste van Christengelowiges bring geen verbetering mee nie. Inteendeel, sake versleg by die dag. Gesien in die lig van die voortslepende gewelddadige nie-blank op blank-moorde, verkrachtings, aanrandings, kinderdiefstal en ander geweldsmisdade, voel dit of die HERE [JHWH] nie ons gebede hoor nie. Die vraag is: Tot welke mate is die hedendaagse priesterorde verantwoordelik vir die stilswye van die HERE [JHWH] se kant? Waarom tree Hy nie in vir die blanke Christendom van hierdie land, nie? Waarom word die blankes se eiendom geteiken vir onteiening? Waarom word die Kaap as toevlugsoord vir Protestantse vlugtelinge deur die huidige president vertolk as: “the original sin”?

Herinner die verslapping van kerklike kritiek [stilswyende aanvaarding] teen egskeidings, sodomitiese- en lesbiese verhoudings [1Kor.6:10], multikulturele samelewing en die eet van afgodsoffers [1Pet.2:9; Op.2:14], ens; nie aan die miskenning van God en Sy gebod nie, soos wat die geval was met die priesterorde onder Eli en sy seuns - Hofni en Pinehas? Weens die miskenning van God en Sy gebod, het Jahweh [die HERE] gesê dat Hy sal hulle eer wat Hom vereer, maar hulle wat Hom verag, sal vir Hom veragtelik wees – 1Sam.2:30. Volgens Lev.4:1-3 word die volk skuldig weens die sonde van die gesalfde priester.

Gesien in die lig van Deut.28, waarin ons huidige omstandighede beskryf word, het ons veragtelik vir God Almagtig geword, en is Sy Woord skaars in ons dae, soos in die dae van Eli, toe Samuel verwek en opgegroe het.

Hanna, wat kinderloos was, het by geleentheid ‘n gelofte met die HERE [Jahweh] aangegaan: *1Sam.1:11 en sy het ‘n gelofte gedoen en gesê: HERE van die leërskaar, as U waarlik die ellende van u diensmaagd aansien en aan my dink en u diensmaagd nie vergeet nie, maar u diensmaagd ‘n manlike kind skenk, dan sal ek hom aan die HERE gee al die dae van sy lewe; en geen skeermes sal op sy hoof kom nie.*

Hanna se gebed is verhoor en sy het Samuel gespeen en in diens van God gestel onder toesig van Eli. Sy het haar enigste seun van God ontvang en hom aan God terug gegee. Dit laat mens dink aan Abraham wat bereid was om Isak, sy enigste seun [wat hy en Sara van God ontvang het], te offer toe Jahweh [die HERE] dit van Hom vereis het. God het verder gegaan en Sy eniggebore Seun gegee om vir ons sondes versoening te doen met Sy bloed aan die folterpaal [kruis]- Hallelu-Jah. Hanna het haar gelofte eerbiedig tot beswil van die hele volk. Dit moet vir ons as Geloftevolk ‘n navolgenswaardige voorbeeld wees. Laat ons ook ons geloftes betaal tot

ons eie beswil en tot beswil van ons nageslag sodat God die eer sal ontvang wat Hom toekom. Onthou, op 6 April 1654 het ons eerste geloftedag tot stand gekom. Laat ons God die HERE [Jahweh] vereer, sodat ons Sy eer kan ontvang – 1Sam.2:30.

In die lig hiervan word volksgenote uitgenooi om die volgende volkskonsilie van die Geloftevolke by te woon. Die referate wat D.V. aan die orde sal wees is aangedui op die onderstaande program.

Die Geloftevolke Koördineringskomitee [GKK]<sup>ii</sup>, wat die volkskonsilies en volksvergaderings belê, doen dit met inagneming van Deut.16:16, waar Vader JaHWeH [die HERE] die volke opdrag gegee het om drie maal per jaar voor Sy Aangesig te verskyn, soos wat Elkana en Hanna en die volke Israel in die dae van Eli gedoen het: **Deut.16:16** “Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE jou God verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE verskyn nie;” [1933/53 Afrikaanse Bybel.]

Goeie Vrydag en die sogenaamde Paasnaweek word gesinkroniseer met die Feesweek van Ongesuurde Brode, maar het jammerlik ontaard in ‘n wêreldse vakansietyd. Volksgenote wat hul weg oop sien om die HERE [JHWH] se bevel hoër te ag as wêreldse genot, word hiermee uitgenooi om die volksbyeenkoms by te woon.

Die taak van die byeenkoms is om eietydse geloofs-vraagstukke binne die Geloftevolke aan te spreek. Tydens vorige volkskonsilies is o.a. aanvaar dat:

1. Die 1933/53 vertaling van die Bybel die enigste aanvaarbare Afrikaanse vertaling is waarvan die Masoretiese Teks en die Textus Receptus dien as Brontekste. Latere Vertalings wat op bv. Westcott en Hort se Teks gegrond is, is verwerp.
2. Dat vermenging met andersoortige volke lei tot fisiese en geestelike hoerery en met die dood strafbaar is in terme van Op.2:12-29 [Bileamsverleiding- Num.25:1-9].
3. Dat Siener van Rensburg ‘n werktuig was in die Hand van die Lewende God tot beswil van die Bybelgelowige blanke beskawing.
4. Dat die gebruikmaking van die lot om ons Hemelse Vader se wil te wete te kom, Bybels is.
5. Dat ons deel uitmaak van die Uitverkore volke van God-Drie-Enig en
6. Dat ons as volke vir mekaar ruimte moet maak m.b.t. die eervolle gebruik van die Hebreuse/Griekse Heilige Name. Die volledige besluite van die vorige volkskonsilies is beskikbaar op: [www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za)

## **VOLKSKONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLKE VAN SUID-AFRIKA**

### **30 Maart**

14h00 - 14h45	Opening, verwelkoming en ordening.
14h45 – 15h30	Die Geloftevolke se verhouding met haar Koning.
15h30 – 16h00	Blaaskans
16h00 – 16h30	Bespreking
16h30 - 17h15	Die oorsake en gevolge van die heersende strafgerig oor die Geloftevolke.
17h15 -17h45	Bespreking
17h45	Dag Afsluiting

Gesellige samesyn en gesamentlike ete

### **31 Maart**

08h00 - 08h45	Opening, verwelkoming en ordening.
08h45 – 09h30	Geestelike- en Statutêre Volkshervorming ter voorbereiding van ‘n vreedsame volksbestaan.
09h30 – 10h00	Blaaskans
10h00 – 10h30	Bespreking

10h30 – 11h15	Die koninklike priesterdom ooreenkomstig 1Pet.2:9.
11h15 – 11h45	Bespreking
11h45 – 12h30	Waarom verander Goeie Vrydag, Hemelvaart en Pinkster se datums jaarliks m.b.t. die huidige kalender.
12h30 – 13h30	Ete - selfvoorsienend
13h30 – 14h15	Bespreking
14h15 – 15h00	Waarom is die teendeel van Ps.23 tans heersend oor die Geloftesvolk.
15h00 - 15h30	Bespreking
15h30 – 18h00	Vorbereiding vir Verbondsmaal
18h00 – 19h00	Verbondsmaal: Elke gesin bring hul eie voorafbereide maaltyd asook hul ongesuurde brood en vrug van die druiwestok saam. Die maaltyd vind eers plaas waarna die instelling van die Nagmaal/Verbondsmaal volg. Waskom en handoek opsioneel – Joh.13:14.
19h00	Herdenkingsdiens

## 1 April

08h00 – 08h30	Verwelkoming en ordening
08h30 – 09h30	Verootmoedigingsdiens
09h30 - 10h15	Blaaskans
10h15 – 11h00	Dokumentering van die handeling van die Volkskonsilie
11h00 – 11h15	Afsluiting
11h45 – 13h00	GKK vergadering
13h00	Ete
15h00	Voortsetting van GKK vergadering

<sup>i</sup> Die Hebreuse Naam van God Almagtig:

**DIE BYBEL met verklarende aantekeninge** word allerweë as gesaghebbend beskou. Daar word die volgende uitleg gegee oor **Ex.3:14-15** “.....En God sê vir Moses: **EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur. (15) Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: **Die HERE**, die God van julle vaders....., het my na julle gestuur. Dit is My Naam vir ewig, en **dit is My gedenknaam** van geslag tot geslag.”  
Ex.3:14-15 word as volg verklaar:

“Vers 14: **EK IS WAT EK IS**: Die Here spreek in enigsins raaiselagtige taal waarin tog 'n rykdom van gedagtes vervat is. Die God wat Moses stuur, kan van Homself sê: **EK IS**. Dit moet nie so verstaan word dat die Here 'n koue, abstrakte "syn" is nie, maar die God van die beweging, die aksie, die God wat altyd, "daarby is", die God wat dus ook die nood van sy volk aanskou en daadwerklik sal help. Aan Sy dade sal die volk weet wie die God is met wie hulle te doen het. Hy is anders as die heidense afgode. As God sê **EK IS WAT EK IS**, dan verklaar Hy ook dat Hy nie verander nie, dat Hy altyd dieselfde bly, onwrikbaar in Sy trou.

**Vers 15: HERE: In Hebreus staan slegs die vier medeklinkers JHWH vas en dit het ooreenkoms met wat as EK IS vertaal is in v 14. Die uitspraak is Jahweh en nie Jehowa nie. Lg. is ‘n kunsmatige gefabriseerde naam. In Afrikaans word dit vertaal as HERE, wat onderskei moet word van Here of Heer.” [Eie aksent]**

<sup>ii</sup> Die Geloftesvolk Koördineringskomitee het ontstaan tydens die 2009 Volksvergadering te Vegkop, waartydens verskeie besluite deur dié volk geneem is. Die GKK is nie 'n organisasie nie, maar 'n komitee wat die besluite van die volksvergaderings ten uitvoere moet bring. Die vernaamste besluite wat tydens die 2009 Volksvergadering geneem is, is dat:

1. Die Geloftesvolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes. naamlik: Van Riebeeck Gelofte 1654, Bloedrivier Gelofte 1838 en Paardekraal 1880. [Majubadag as dag van verootmoediging en eerbied teenoor God Almagtig geniet dieselfde eerbied as die Geloftes.]
6. Die toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftesvolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.
9. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis. 'n Komitee is saamgestel om die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel te ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volk voor te lê vir oorweging.